Twee dae lank het ons deur hierdie interessante deel van Nigerië gereis en oral was daar oorvloedig bewyse van die duister praktyke van die heidendom. Hoewel die land min of meer ontwikkel is wat betref paaie, en die huise min of meer volgens Europese styd gebou word en baie die Europese klederdrag aangeneem het, bly hul diepgewortelde verkeerde praktyke in al hul listige vorme voortbestaan en is daar amper niks gedaan om hierdie groot volkryke streke vorentoe te help nie. Die aand van die tweede dag was ons te Ondo, 'n kafferstat van 7,000 en meer mense. Hulle het ons 'n kamer gegee in die huis van 'n gasvrye inboorling en voor ons nog kon afpak of ons regmaak, moes ons 'n twintigtal "vriende" ontvang wat gekom het om ons te verwelkom in hul stat. Mens kon nie help nie om te voel dat hulle gekom

het uit puur nuuskierigheid—hulle wou die witman sien skeer of die een of ander snaakse ding of manier van die witman sien—meer nog as uit werklike hoffikheid of gasvryheid. Maar ons het darem ervaar dat hul gasvryheid welgemeend was, want party het presente kom bring: hoenders, jam, 'n soort broodwortel, en vrugte. Ons het aand- en moredienste in ons eie kerkgebou gehou, waar ons 'n klein groep gelowiges het, en het toe verder gegaan na Awtoen, ons sendingstasie in Noordwes-Nigerië. Ons het daar dieselfde middag aangekom en Prediker W. G. Till daar ontmoet.

As mens te Awtoen aankom, kan mens dadelik bemark dat jy onder 'n verskillende klas mense is. Die Yoroebas is gewoonlik liggaamlik sterk en is ook verstandelik meer ontwikkel as die Ibos. Hulle wy hul hoofsaaklik aan landbou en handel. Oor die hele land en veral in die groot stante is daar groot marke wat op seker tye gehou word. Twee of drie keer per week kom daar groot menigte mense—meestal vroue en kinders—myle ver met groot vragte op hul hoofde—jams, mielies, vleis, slakke, gedroogde vis, varke, honde, hoenders, matte met die hand gewef, Europese of Japanese artikels van groot verskeidenheid word vir verkoop aangebied. Hier sit die vroue die heel dag in die brandende son, of onder 'n swak grasafdag en probeer hul goedere van die hand te sit en so 'n paar pennies te kry vir die vrag wat hulle altemit myle ver gedra het.

Awtoenstasie is die middelpunt van 'n ou sendingwerk, hoewel die resultate dusver nie groot is nie. Ons het egter 'n aantal sterk gemeentes in hierdie streek en die laaste tyd is daar verskeie nuwe groepe bygekóm. Toe ons te Awtoen was, het ons 'n korte werkersdiens en kampvergadering in drie van die groter sentrums gehou. Die vergadering te Ipoti was veral aanmoedigend. Ons kerk staan op die afstand van 'n koppie en kyk uit op 'n vuil kafferstat. Die kerk is goedgebou en groot; van binne en buite witgepleister. Dit het maklike sitplekke, 'n goeie orrel, 'n preekstoel en plek vir die koor. Naby is daar 'n goeie skoolgebou met banke, swartbord, kaarte en ander dinge wat wys dat die skool progressief en op hoogte van sy tyd is. Langsaan is 'n rushuis van twee kamers vir die rondgaande sendeling, en verder 'n huis van vier kamers vir die onderwyser. Dit alles is deur inboorlinge opgetrek en word deur hulle onderhou. Dis die beste kerk en skool wat heeltemal deur inboorlinge gebou is, wat ek al in Afrika gesien het. By ons Sabbatsvergadering was hierdie groot kerk vol, die gemeente was stil en ordelik en seker 'n krediet vir enige sendingpoging. Die vergadering het begin met 'n lied wat deur 'n geoefende koor van skoon en netjiese kinders gesing is. Hulle het van buite heel ordelik ingekom op die

maat van hul eie lied, begelei deur die orrel. Wat 'n groot verskil met die heidendom! In ons kerk was daar 'n groep Christene, skoon, stil, ordelik, netjies aangegetrekte manne, vroue en kindere. Dieselfde middag ontmoet ons 'n klomp heidene op die straat. Hulle het gedrink en was onder die invloed van 'n Egoegoen gees wat die reinkarnasie van 'n afgestorwene uit die staat moes voorstel en wat nou van die ander wêreld teruggekeer het. Hulle het die strate op en af geloop in hul vreemde klere, hulle het geskree en op die heidense trommels geslaan, en 'n menigte vuil, naakte of halfnaakte kinders was agter hulle aan. Wat 'n verskil met die stil, ordelike morevergadering in die kerkgebou wat begin het met lieflike gesang van geestelike liedere deur skoon kinders met blye aangesigte!

Die Heidendom is hardnekkig. Dit betwis elke duim in die stryd om die lewe van die inboorling. In die morevergadering het daar tussen die skoon, goedgeklede vroue 'n vuil, ongekamde vrou gesit. Haar hare was vasgeplak en deurmekaar. Haar klere smerig; haar gesig verwilderd, vertrokke en vuil. Wie was sy? Altemit 'n heidin? O, nee, sy was die vrou van een van ons werkers. Sy het bekend gestaan as baie skoon en sindelik. Maar 'n tydjie gelede is haar man gesterwe en volgens kaffergewoontes mag sy nou drie maande lank na die dood van haar man haar gesig nie was nie of haar hare kam of 'n ander tabbert aantrek nie. Ook moet sy al die tyd op die graf van haar man slaap. Die graf is gewoonlik op die veranda van die Yoroebawoning! Wat wrede gewoontes en hoe word die mense daardeur gebind!

Van Awtoen het ons na ons ou sendingstasie te Shao gegaan. Dis een van die eerste stasies van dat ons in Nigerië begin sendingwerk doen het. Dis naby die heidense stat Shao, ongeveer elf myl noordwes van Ilorin, 'n stat van ongeveer 47,000 inboorlinge.

Ons werk in hierdie streek, het groot teenstand ondervind. Hoewel die opperhoof en sy raadsmanne altyd baie vriendelik gewees het, het nie een van die oudstes van die dorp self ooit uitgestap en die waarheid aangegee. Terwyl ons te Shao was, het ons 'n kampvergadering gehou. Die opperhoof en sy kaffers uit die stat, het die vergadering bygewoon. In antwoord op 'n ernstige oproep het party bepaaldelik te kenne gegee dat hulle hul ou sondige gewoontes wou verlaat en kindere van God word. Ons hoop dat dit die begin van 'n groter werk vir die mense in hierdie streek gaan wees. Selfs na 'n haastige besoek aan die land van die Yoroebas kan mens duidelik sien dat dit 'n moeilike arbeidsveld is. Gedurende die plantsiesoen gaan die inboorlinge op die land en bewerk hul tuine. Daarna trek die mans lange afstande en handel of soek werk. Hulle is goeie reisigers en handelaars, dus gaan dit swaar om onder hulle die werk in groot sentrums op te bou. Ook heers daar oor heel Yoroebaland 'n sterk Mohammedaanse invloed. Die Housas is

beslis Mohammedaans gesind: En as mens met die trein reis; kan mens die Mohammedane by amper elke stasie sien afklim, hy sprei sy kleedjie op die grond uit, was sy voete met water: wat hy in 'n "teepotjie" saamdra, daarna keer hy hom na die Oos: en buig neer en kniel en gaan later languit op die grond lê, terwyl hy sy gebede tot Allah opsê.

Hul godsdienste het duisende inboorlinge met hongerige harte aangetrek en hulle het in groot getalle die Mohammedaanse geloof aangeneem. Dit en hul rondtrekkende gewoontes en die yster houvas: wat hul baie heidense gewoontes en gelowe nog op hulle het, het gemaak dat die werk vir die Yoroebas stadig gegaan het. In die verlede het ons dus geen opspienbare ontwikkelings gesien nie; hoewel die waarheid ingang vind en ons nou baie aanvrae vir onderwysers: het in plekke wat in die verlede vi rons gesluit was.

Na ons vergaderings te Shao: het ons aangegaan na Ibadan langs Ilorin en toe tegelyk die koning 'n besoek gebring. Die konings van hierdie land het baie mag, want die Britse politiek van indirekte regering ondersteun die organisasie van stamme. Dikwels ontvang die koning 'n toelae van die goewerment sowel as 'n aandeel in die belastings en opgelegde boetes in sy distrik. Hierdie koning bly in 'n pragtige paleis en 'n leër van raadsmanne, bewakers, sendbodes en 'n dienskneg van elke rang pas hom op. Hy het 'n stal vol pragtige en goeddeurvoede perde.

Op 'n vooruitstekende stuk land in die uithoeke van Ibadan, 'n kafferstad van 378,000 inwoners, is die hoofkwartier van die Unie van Nigerië. Behalwe wie woning van die unie-superintendent en tesourier en hoof van die skool, is daar 'n goeie logieshuis vir ongeveer twintig seuns en 'n goeie gebou vir 'n dagskool. W. T. B. Hyde sorg vir die skoolbelange op die stasie: hulle het daar 'n goeie dagskool met 198 op die lys, en 'n klein opleidingskool van ag jongmanne.

'n Nuwe kerk in die staat Ibadan is amper klaar en hulle verwag dat die werk baie versterk sal word as gevolg van meer agressiewe evangeliewerk.

Aan die end van my besoek in Nigerië het ons 'n paar dae met die Uniekomitee deurgebring en hul vraagstukke studeer. My lange verblyf het my 'n kans gegee om met baie van hul probleme bekend te word en dit was werklik aangenaam om saam met die komitee hul planne te studeer. Hoewel die arbeiders in hierdie groot en volkryke deel van Afrika min en die moeilikhede om die evangelie uit te brei baie en geldig is, was elke werker vol moed. Hul grootste behoefte is meer leesstof, 'n beter opleidingskool, 'n opleidingskool vir meidjies; en so moontlik twee of meer sendelinge en beter opgeleide inboorlingwerkers.

Toe ek van ons geliefde sendelinge afskeid neem en na die Goudkus teruggaan, het ek 'n las op my hart gevoel dat ons, as verantwoordelike leiers in die vaderland, meer vir die groot behoeftige deel van die

donker kontinent mag doen. as wat ons dusver gedaan het.

Laat ons ons sendelinge ondersteun, en doen wat ons kan om hulle die nodige gemakke te gee wat hul hande sal sterk maak in hierdie plekke waar die laste baie en swaar is.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson _____ *President*

J. E. Symons _____ *Sekr.-Tes.*

Bus-468; Bloemfontein; O. V. S.

Aliwal Noord

A. W. STAPLES

VAN 18 tot 28 Augustus: het skrywer met spesiale vergaderings te Aliwal-Noord deurgebring en baie seënige geniet, o.a. om onder ou vriende te arbeid en nuwes te ontmoet. Bynemekaar het ons sestien dienste gehou, vyftien Bybellesings: gegee en tientalle huisbesoeke gedaan. Die soekers na waarheid was so ernstig om hulp te kry, dat ons teen die end van die spesiale vergaderings uitgeput gevoel het.

Die aanddienste is in die Gaiety Theatre gehou: en niteenstaande hewige teenstand: het daar 'n goeie aantal met ons mense saam: aand vir aand opgekom. Die Hellighe Gees was kenlik teenwoordig en onder die prediking van die boodskap is die harte aangeraak. Party het verkeerde gewoontes oorwin en nuwe, bewarende krag in Jesus gevind.

Die laaste Sondag is daar vyf kosbaar siel in die Radio Springs gedoop. Die morel was koel en die krag van die Here het op ons gerus, terwyl die doopkandidate een vir een die watergraf ingestap het in vertroue op Jesus vir krag om "in 'n nuwe lewe te kan wandel." Rom. 6:4. Een kandidaat het 'n tydjie gelede Aliwal toe gekom met 'n siel wat na waarheid en verlossing gedors het. Die Here het dit so beskik dat sy langs die Buurtsendingsekreteraris van die gemeente kom woon het. Sy het belangstellend geword, die saad van waarheid het opgeskiet deur blaie en Bybellesings te gee. Die Here het die wasdom gegee, —weer 'n siel wat alles verlaat het om die Here te volg.

Die Here wag om die broeders en susters van ons gemeentes te gebruik. Sal ons nie algar "opstaan en verlig word" nie?

Die orige vier kandidate was jongmense. Dit doen ons hart goed om te sien hoe ons eie jongmense wat in die Sabbatskool van Jesus gehoor het: en in die Sendingvrywilligersdienste vir diens opgelei is, nou hul met die gemeente verenig. Mag die Here hierdie nuwe gemeentelid: ryklik seën.

Toe die vergaderings begin het, het 'n

jonge man 'n evangeliewerker, begin vas en bid: en die Here om lig en hulp gesoek. Hy het sy vergaderings gesluit en sy mense aangemoedig om die dienste by te woon. Ons harte was baie bly om hom moedig te sien uitstap om dié Sabbat van die Here te hou. Hy studeer nou die boodskap verder, en versoek lidmaatskap by die gemeente van die oorblyfsel. Hy arbeid nou om anders in die kudde te bring: 'n Aantal is opgewek en soek vir lig en waarheid. Waarlik die Here is in hierdie dae besig om Sy werk klaar te maak.

Mag die Here ons geliefde gelowiges te Aliwal Noord besonder: genade en krag gee om hierdie belangstellendes aan te help.

Ons het dit verval waardeer om met ons jongmense saam te kom.

Foto's van die Kampvergadering

P. W. WILLMORE

GEDURENDE die Unie-kampvergadering te Bloemfontein in Aprilmaand het Mnr. H. A. Wallace en Dr. H. G. Hankins foto's geneem. Hierdie foto's is betaal by die boekwinkel. Maar party het hul foto's nie ontvang nie. Ons sal bly wees as sulke persone aan my wil skryf: p/a. Bus. 256, Bloemfontein, dan sal ons ons bes doen om die foto's waarvir betaal is, aan te stuur. Dankie.

S. U. Sending

E. C. Boger _____ *Superintendent*

D. A. Webster _____ *Sekr.-Tes.*

Bus: 573, Boelawaajo, S. Rhodesië.

Groete van Mafeking

A. INGLE

ONS is amper aan die end van ons korte verblyf hier. Die 26ste Maart het ons ons vergaderings begin en tot midde Julie vier dienste per week gehou. Die opkoms was gering: en die teenstand partykeer onaangenaam. Maar met die tyd raak mens daaraan gewoond. Sabbat: 26 Augustus: het ons vir die doopdiens bymekaar gekom. Ons konnie die swembad kry: nie, en al die riviere was droeg hierlangs. Toe het ons 'n seil van die spoorweg gebuur en 'n groot gat agter in ons tuin gegrawe en daar 'n lieflike doopdiens gehou. Heel wat belangstellendes was teenwoordig, waaronder 'n aantal inboorling lesers uit die stat. Vyf broeders en ag susters is gedoop en hoewel gering in getal, was ons dankbaar: jeens die Here vir die verandering wat in die lewe van hierdie dierbaar siel gekom het.

In die begin van Julie het ons verlof gevra om te Vryburg een honderd myl van hier, vergaderings te hou. Ons het daar ses weke lank elke week vier aanddienze gehou. Daar is heel wat belangstellendes en die gemiddelde opkoms was drie-en-twintig, maar 'n groot gedeelte verstaan nie Engels nie, daarom het ons dit die beste gedag om die dienste verder in Afrikaans te hou. Broeder J. van de Merwe sorg nou vir hierdie werk.

Suster Fleming wat ook hier in Mafeking gehelp het, het ons ongeveer in die middé van Juliemaand verlaat en hou nou vergaderings te Taungs.

Oor veertien dae vertrek ons na Boelawayo om daar so moontlik met begin Oktober publieke dienste te gaan hou.



Oes-Insameling in die Samesie Unie

F. E. POTTER

DIE Oes-Insameling in die Samesie-Unie is nou in vol gang. Terwyl ons dit skryf, is Broeders Siepman en Marter nou net klaar met 'n suksesvol insamelingtoer in Noord-Rhodesië. Broeder Marter het 'n gawe van 'n invloedryke besigheidman gekry en toe uitgevind dat hy in godsdiens belang stel. Hy het hom toe op die plek die boek "Daniël en Openbaring" verkoop. Dis 'n goeie manier om die belangstelling op te volg.

Die gemeente van Salisbury het die 26ste Augustus met die veldtog begin. Skrywer het die voorreg gehad om hulle 'n paar dae te help. Aan die end van die eerste week het hierdie altyd besige gemeente £60 van hul £105 in hande gehad. Die sendinggees van hierdie gemeente is waarlik verkwikkend.

Die gemeente van Boelawayo het die tweede September begin en dit het mens goed gedaan om te sien hoe die gemeentelede die gebied verdeel. Teen die end van die diens was daar net drie klein stukkie oor. Sondagmore het ons 'n klas gehou om te wys hoe om giftes te vra en besware te antwoord. Skrywer het die voorreg gehad om saam met die aanwesige uniewerkers in Boelawayo uit te gaan. Die superintendent van die unie, Ouderling Boger, saam met die sekretaris-tesourier, en die Buurtsendingsekreteris, algar het hul aandeel in die veldtog. Hulle verwag dat hulle binne die gestelde tyd vir die veldtog hul uniedoel sal bereik.

Daar is tekens dat ons ver oor die diswisedoel sal gaan en ons harte is vol dank aan die Here vir Sy wonderlike goedheid aan Sy kindere in hierdie tyd van geldelike moeïkhede. Laat ons die insamelaars in die Noorde gedink in ons gebede voor die Here van die oes, totdat hul veldtog oor is. Ons vra u om hierdie werk in u gebede te gedink.



"MAAR die wat op die Here wag, kry nuwe krag." Jes. 40:31.

Algemene Nuus

OUERLING BOGER vertel van uitstekende kampvergaderings hierdie jaar in die Samesie Unie. Tot op vandag, 14 Augs, is daar 847 mense gedoopt. Later meer.

MEV. G. W. SHONE is die 10de September met die Gloucester Castle na Suid-Afrika teruggekeer. Sy was 'n paar maande in die Verenigde State by haar moeder op besoek.

OUERLING S. G. HITEN het twee huwelike ingeseën, en te Bonnie Vale en een te Worcester.

In die kerkie te Bonnie Vale het die eerste huweliksinsêning plaasgevind. Suster J. S. du Preez, die tesourier, is getrou met Broeder Cornelis Rheeder van Vredendal. So is dan 'n nuwe huisgesin begin in die distrik van Vredendal, van waaruit die lig van waarheid sal straal. Mag dit 'n bron van krag wees vir die werk en die gelowiges daar.

Ses myl van Worcester is die 20ste Augustus die huweliksband gesluit tussen Suster N. M. Ficker en Broeder W. Myburgh, albei van Worcester. Die hartelike en opregte wense van baie vriende en familielede vergesel hierdie getroue gemeentelede waar hulle nou verenig in diens en poging vir die saak van waarheid.



Kennisgewing

ONS het al 'n tydlank gevoel dat ons duur linte vir boekleërs heel wat van ons Skatkis verg. Die beamptes het ons nou aangeraai om die onkoste van ons boekleërs te probeer verminder; en ons volg hul raad op. Ons vertrou dat die wat hierdie papiere boekleërs ontvang, hulle net so hoog sal waardeer asof hulle van lint sou wees, want hulle is net so waardevol vir wat hulle representeer as die linte was. Ons hoop dat ons nog soos vroeër linte kan gee vir die erkenning van vyf, tien, vyftien en twintig jaar getroue studie. Maar ons kan niks sekere belowe nie, voordat ons sien hoe ons geldelike sake staan. Ons sal die bestellings vir sye linte wat ons het, uitvoer en dan wanneer ons nuwe voorraad vir 'n ander jaar moet bestel, sal ons die papier vir hulle uitkies. Doen wat u kan om die belangstelling in die boekleërlêwendig te hou. Die waarde daarvan het nooit gelê in die feit dat dit 'n sy lintjie was nie. Dieselfde vol waarde is in die papiere boekleërs. Waardeer hulle dus net so goed en gebruik hulle met dieselfde sorg en leer ons mense dieselfde, sodat ons studieplan met vermeerderde belangstelling kan voortgaan. In hierdie dae wanneer baie ly by gebrek aan die nodige, pas dit

ons om hierdie poging tot besparing te doen. Alle eer aan iedereen wat sy bes doen om 'n volmaakte rekord te kry.

DIE SABBATSKOOL DEPARTEMENT.



'n Geleentheid

A. F. TARR

'N Geheel enige geleentheid om ons persoonlike belangstelling in ons eie sendingveld te wys, word nou op Sabbat die 30ste September aan elkeen van ons Sabbat-skoollede gegee. Want op daardie dag gaan die Dertiende Sabbatofferande na die Suidelike Afrikaanse Divisie.

Die verslae van die laaste twee kwartale wys op 'n vermindering in die Sabbat-skoolofferandes. Daar word 'n ernstige poging gedaan om daardie tekort weer in te haal. Een manier om dit 'n stoot vorentoe te gee is deur hierdie kwartaal 'n besonder goeie Dertiende Sabbatofferande te gee.

En waar die oë van ons mense oor die hele wêreld hierdie keer op die werk in Afrika sal gerig wees, mag daar ons eie oë gevestig wees op die taak wat naaste aan ons lê, en mag ons met ernstige en offervaardige gees gee al wat ons kan om die werk in ons eie sendingveld vorentoe te help.

Doodberig

VERMAAS.—Vrydagmore, 30 Junie 1933 het Moeder Vermaas in die ouderdom van 67 jaar en 5 maande in die woning van haar dogter Mevr. Claassen te Benoni, Tvl. sag in die Here ontslaap. Haar heengaan word betreur deur haar dierbaar eggenoot, vier dogters en twee seuns.

Die laaste ag jaar was sy lydende aan 'n onbekende kwaal, hoewel sy baie geneeskundiges geraadpleeg het. Onder al die lyding was sy stil en bedaad. Met Dawid kon sy sê: "Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek U insettinge kan leer." Ps. 119:71. Ook het dit vir haar "n vredevolle vrug van geregtigheid" gelewer. Met die poging op Brakpan verlede jaar het sy die waarheid van die derde engelboodskap aangeneem en die elfde Desember 1932 is sy en haar dogter saam met andere gelowiges te Brakpan gedoopt. Die boodskap het haar hart so verbly dat die laaste maande seker tot die mees vreugdevolle tyd van haar lewe behoort het. Die wat in die laaste oomblikke met haar omgegaan het, getuig dat sy in die Here ontslaap is. Ons hart gaan uit in simpatie met die bejaarde eggenoot, die kinders en familielede. Met hulle sien ons uit na die blye opstandingsmore wat alle tranes sal droog. Dan sal ons mekaar weersien om nimmermeer te skei.

Die begrafnis het Sondagmiddag 2 Julie plaasgevind onder toeloop van 'n groot skare wat met aandag geluister het na die rede na aanleiding van 1 Thess. 4:13: "so dat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie." B. P. DE BEER.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum
Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

A. FLOYD TARR _____ Editor
J. I. ROBISON _____ Assist. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
A. F. Tarr _____ Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
M. P. Robison _____ Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

An Opportunity

A. F. TARR

A UNIQUE opportunity of demonstrating our personal interest in our own home field will be afforded every Sabbath school member on Sabbath, September 30. On that day the Thirteenth Sabbath Offering is to benefit the Southern African Division.

Reports for the past two quarters indicate a decline in Sabbath school offerings. An earnest effort is being put forth to make up the shortage. One way of helping materially is by giving an extraordinary thirteenth Sabbath offering this quarter.

As the eyes of our people throughout the world will at this time be turned toward the work in Africa so may our own eyes be rivetted upon the task that lies nearest and may we with earnest sacrificial spirit give all we can that the work in our own home field may advance.



General News Notes

Elder Boger reports excellent camp-meetings this year in the Zambesi Union. Up to the time of writing (August 14), 847 persons had been baptised. A further report will appear in a later issue.

Mrs. G. W. Shone returned to South Africa on the Gloucester Castle, September 10, having spent a few months in the United States visiting her mother.

Elder S. G. Hiten reports the solemnisation of two marriages recently, one at Bonnievale and the other at Worcester.

The little Bonnievale church witnessed its first wedding when Sister J. S. du Preez, its church treasurer, was married to Brother Cornelis Rheeder, of Vredendal.

On a farm about six miles from Worcester the marriage took place on August 20 of two of the Worcester church members, Sister N. M. Ficker to Brother W. Myburgh. The hearty and sincere wishes of many friends and relatives go with these faithful members as they combine their service and efforts for the cause of truth.

Ingathering Victory Tower

Other Fields Follow South Africa's Lead

FUNDS RECEIVED ARE INDICATED BY SOLID BLOCKS

Angola Union Mission

Goal £100

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £10

Congo Union Mission

Goal £175

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £2

S. E. A. Union Mission

Goal £175

Received £75.

EACH BLOCK REPRESENTS £2

Zambesi Union Mission

Goal £550

Received £280.

EACH BLOCK REPRESENTS £4

S. A. Union Conference

Goal £3,800

Received £4,200

Overflow £400

EACH BLOCK REPRESENTS £10

